Verduidelik jou oortuigings oor homoseksualiteit

Gebruik hierdie werkblad om jou te help om aan maniere te dink waarop jy jou oortuigings taktvol kan verduidelik.

"Laat julle woorde altyd aangenaam wees, . . . sodat julle kan weet hoe julle elkeen behoort te antwoord." —*Kolossense 4:6.*

1

DINK OOR DIE VOLGENDE NA VOORDAT JY ANTWOORD:

Soms sê mense dat die Bybel outyds is, maar wat hulle *eintlik* bedoel is dat die standaarde daarin verskil van hulle s'n. Dink jy dat die persoon met wie jy praat meen dat *al* die standaarde in die Bybel outyds is—insluitende die feit dat dit diefstal, hoerery en moord verbied? —Romeine 13:8-10.

Watter faktore dra moontlik by tot wat die persoon glo?	Watter vrae kan jy vra om meer uit te vind oor wat hy dink?	Watter teks(te) kan jy gebruik?

DINK AAN WAT JY GAAN SÊ

"Die Bybel se standaarde is outyds!"

"Party mense dink so. Maar ek glo anders, want . . ."

www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

2

“Homoseksuele mense word so gebore –hulle kan niks daaraan doen nie.”

DINK OOR DIE VOLGENDE NA VOORDAT JY ANTWOORD:

Die Bybel sê nie of mense met homoseksuele neigings gebore word of nie. In plaas daarvan om te redeneer oor die *oorsake* van homoseksualiteit, moet jy eerder konsentreer op die *gedrag.*

Dink aan iets soortgelyks. Watter ander soort gedrag kan diepgewortel wees? Spreuke 29:22 sê byvoorbeeld dat party mense *“gou* toornig word” en *“geneig* is tot woede”. Die apostel Paulus het oor homself gesê: “Wanneer ek wil doen wat reg is, is die slegte by my aanwesig” (Romeine 7:21). Moet ons altyd die begeertes wat ons het, bevredig?

Watter faktore dra moontlik by tot wat die persoon glo?	Watter vrae kan jy vra om meer uit te vind oor wat hy dink?	Watter teks(te) kan jy gebruik?

DINK AAN WAT JY GAAN SÊ

“Homoseksuele mense word so gebore–hulle kan niks daaraan doen nie.”

“Die Bybel sê nie of mense met homoseksuele neigings gebore word of nie. Wat dit *wel* sê is . . .”

www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

3

“Jy moet jou beskouing van homoseksualiteit verander.”

DINK OOR DIE VOLGENDE NA VOORDAT JY ANTWOORD:

Het die persoon dalk ’n vriend of familielid wat gay is? Dink hy dat dit beteken dat jy die *persoon* verwerp as jy sy of haar *gedrag* verwerp? *Verstaan* die persoon regtig jou beskouing van homoseksualiteit?

Ook: Beteken dit dat ander verdraagsaam is as hulle verwag dat jy jou beskouing moet verander om by hulle s’n te pas?

Watter faktore dra moontlik by tot wat die persoon glo?	Watter vrae kan jy vra om meer uit te vind oor wat hy dink?	Watter teks(te) kan jy gebruik?

DINK AAN WAT JY GAAN SÊ

“Jy moet jou beskouing van homoseksualiteit verander.”

“Ek kan verstaan waarom jy so voel. Maar . . .”

Vir nog wenke sien *Vrae wat jongmense vra—Antwoorde wat werk,* Deel 1, hoofstuk 23: “Hoe kan ek verduidelik wat die Bybel oor homoseksualiteit sê?” Die boek is aanlyn beskikbaar by www.jw.org/af. Kyk onder PUBLIKASIES > BOEKE & BROSJURES.

www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania